

Woensdag 23 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 121 (1953-vertaling)	Fokusgedeelte: Psalm 121:5, 8
---	-------------------------------

Saam met die HERE op pad

Dié psalmdigter is nie blind vir die gevare op sy reispad nie. Maar hy is rustig, want hy weet daar is 'n Onsigbare Reisiger saam met hom – die HERE, die getroue Verbondsgod! *Waar sal my hulp vandaan kom?* (vs 1).

Die antwoord – 'n belydenis: *My hulp is van die HERE wat hemel en aarde maak het.* Die pelgrim is nie bang nie, want die getroue Verbondsgod, die Skepper van alle dinge, beskerm hom. Hy is ten volle in beheer van die hele pad en alles wat gebeur.

Vir elke pelgrim op pad na ons ewige tuiste is dit 'n heerlike troos: *die HERE*, die getroue Verbondsgod, wat *hemel en aarde maak het*, loop elke tree van ons lewenspad saam met ons. Hy is nie 'n Toeskouer wat eenkant staan en kyk nie. Hy sê nooit: *Wag eers!* Ek is te besig om aan jou aandag te gee!

Nog verder: *Die HERE is jou skaduwee* – só NABY is Hy aan jou! Die Verbondsgod, wat elkeen van sy beloftes nakom, Hy *wat hemel en aarde maak het* – Hy is digby jou! Hy is elke dag en elke oomblik en elke tree van jou lewenspad teenaan jou! Sy skaduwee val oor jou!

Waarom? Want God die Vader het sy eie Seun onder sy skaduwee uitgestuur om die volle gloed van sy toorn oor ons sonde in ons plek te dra. Jesus Christus het hierdie woorde van Psalm 121 vir ons heerlik waar maak. Deur die Heilige Gees loop Hy elke moeisame tree van jou lewenspad saam met jou! Hy is elke oomblik digby jou – teenaan jou!

Hy bewaar *jou uitgang en jou ingang, van nou af tot in ewigheid!* Die Here was dáár toe jy gebore is. Hy was dáár toe jy jou eerste wankelende treetjie gegee het. En Hy sal ook dáár wees wanneer jy jou laaste tree in hierdie wêreld gee. Hy vergesel jou elke tree op jou hele lewenspad – tot in die Vaderhuis waar Jesus self jou plek gereed maak het.

Sing: Psalm 121-1:1, 2

Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)